DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

**20 Augustus 2023**

***Eredienste* begin *09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Lukas 4: 14 - 30 |
| **Tema** | ***Is jy deel van Jesus se ware familie?*** |
| **Sang** | Psalm 33: 1, 7<br>Psalm 9: 1, 7<br>Psalm 18: 14<br>Skrifberyming 5-3: 1, 2<br>Skrifberyming 18-7: 3, 10, 12 |

Jesus lees sy eie woorde op die betrokke sabbat in Nasaret. Die hele Ou Testament is immers die woorde van die Heilige Gees, wat ook die Gees van Jesus Christus is. Maar Jesus is nie net die Skrywer van die Ou Testament nie, Hy is ook die inhoud daarvan. Die geskiedenis in die Ou Testament is SÝ geskiedenis. In die Psalms vind ons SÝ gebede, in Klaagliedere is dit HÝ wat treur,

in die profete is HÝ die toekoms en HÝ is die wysheid van die wysheidsliteratuur.

In die hele Ou Testament is Christus die begin en die einde van alle dinge. As 'n mens die Ou Testament só lees, ontdek jy Hom as die middelpunt, Middelpunt van alle geskiedenis, ook jou geskiedenis; Middelpunt van hierdie dag en hierdie oomblik. HÝ het gekom en alles wat agter jou lê en alles wat nog op jou pad sál kom reeds SYNE gemaak. So het Hy jou onvervreembaar syne gemaak. Sy heerlikheid behoort ook aan jou! Elke keer as ons die Ou Testament lees mag ons dus op nuwe maniere ontdek hoe die genadejaar van die Here in Christus vir ons aangebreek het. Daarom lees almal wat die genade in Christus omhels die Ou Testament nie net met instemming en verwondering nie, maar ook met volle oorgawe!

## OOG VIR MEKAAR




* Ons innige simpatie en meelewing met Lenie Lambreght wie se jongste dogter die afgelope week aan kanker oorlede is (Ansie Venter se suster). Ons bid jou en die familie die troos van die Here toe met julle verlies.
* Ons bid vir Hannes en Petra vd Walt met haar versorging tuis. Petra is swak en is bedlêend. Hulle waardeer elke kuier.
* Ons wens vir Dewald Hattingh seën toe op die herstel na sy knievervanging. Sterkte Sarie met die versorging.
* Sandra Eloff is nog op die krukkelys by die huis. Ons dink aan Ernst wat sy ma ook moet help terwyl sy in die hospitaal is.
* Baie geluk aan Lukas van Ree wat tot PHS se leerlingraad verkies is. Seënwense vir die werk wat moet gebeur. Baie geluk Herman en Wiekie met julle seun.
* Baie seën vir die matrikulante met die naderende eksamen. Vasbyt!!

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 20 Aug 22023

**Diensbeurt:** Wyk 1
**Ouderling:** Gideon De Klerk

**Katkisasie:** Les 19
**Diaken:** Burger Myburgh

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Die susters nooi almal hartlik uit om na die erediens 'n heerlike koppie koffie of tee saam met ons te kom geniet.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Ma) 21 Aug | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| (Di) 22 Aug | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 23 Aug | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (So) 27 Aug | 16:00 | *Kerk* | Ouderlingevergadering |
| (Ma) 28 Aug | 18:00 | *Kerk* | Bedieningskommissie |




# KALENDER




| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Datum*** | ***Naam*** | ***Ouderdom*** | ***Belydend / Doop*** | ***Sel/Tel no.*** |
| (Ma) 21 Aug | Rehana O'Reilly | 45 | B | 072 757 5413 |
| (Vr) 25 Aug | ***Pietra vd Walt ***** <br> Stephann Borman | ***83*** <br> 15 | B <br> D | 084 602 4057 <br> 082 963 9239 |
| (Sa) 26 Aug | Bennie Hattingh <br> Robert Marriott | 68 <br> 36 | B <br> B | 083 276 9645 <br> 076 400 3222 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (Wo) 23 Aug 1997 | Henno & Anne-Marie vd Walt | 26 | 078 025 9310 <br> 079 083 1932 |

## LAPSAK PROJEK

Ons het weer lapsakke uit gesit agter in die portaal. **Ons vra asb dat lidmate van die sakke sal vat en vul met die wenslys wat op die sak verskyn.** Baie dankie aan almal wat ons met die projek ondersteun.



# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Prys die Here!**
**Loof die Here,**
**want Hy is goed,**
**aan sy liefde is**
**daar geen einde nie!**

**Psalm 106: 1**

## KOLLEKTES



**Kollektes Augustus 2023**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**6 Augustus GKSA Sustansie Fonds**~~
~~**13 Augustus Teologiese Studente Hulpfonds**~~
**20 Augustus Emeritaats Versorgings Fonds**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

## GEMEENTEKAMP



## SUSTERS LENTETEE




***Plaas asb jou naam op die lys agter in die portaal as jy hierdie geleentheid gaan bywoon.***

## SUSTERS LENTETEE (VERVOLG)

Ons probeer om ons susters se fondse met die Lenetetee op 9 September aan te vul. Buiten die hamburgeraand, is dit die enigste funksie vir die jaar waar ons fondse insamel.

Ons het heelwat uitgawes deur die loop van die jaar wat uit ons susterskas betaal word en wil julle nie elke keer pla nie. Dit is ook 'n heerlike saamkuier vir al die susters. Daar word baie moeite gedoen om dit vir almal feestelik te maak. Hierdie is regtig 'n styl-volle, maar informele geleentheid met die pragtige Odette Scrooby as spreker.



Sonder jou samewerking kan ons dit nie doen nie. Baie dankie dat ons op jou kan reken. Bring 'n vriendin (of twee of drie) en kom geniet die damesoggend met heerlike eetgoed.

# 90 JAAR VAN DIE BYBEL IN AFRIKAANS

bybelgenootskap van suid-afrika

## 90-jaar van die Bybel in Afrikaans



**1872-1929**
In 1872 skryf Arnoldus Pannevis 'n brief wat aanvoer dat die Nederlandse Bybel nie meer vir die Afrikaner verstaanbaar is nie. Die Genootskap van Regte Afrikaners word gestig met die doel om die Bybel in die volkstaal beskikbaar te stel.



**1889**
Die Bybel in Afrikaans – *Dri Proewe* vertaal deur SJ du Toit, word onder beskerming van die Genootskap van Regte Afrikaners gepubliseer.



**1893-1908**
*Génesis* vertaal deur SJ du Toit en sy medewerkers verskyn in 1893. Die volgende boeke verskyn ook: *Di Evangelie vollens Mattéus* (1895), *Di Openbaring van Jesus Christus* (1898), *Hooglied* (1905), *Di Psalme* (1907), *Handelinge* en *Markus* (1908).

**1914-1916**
Op 21 Augustus gee dr BB Keet 'n lesing op Stellenbosch waarin hy sy vertaling van die Bybel bepleit. Op 16 Mei 1916 neem die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk 'n besluit dat die Bybel in Afrikaans vertaal moet word.

**1922**
*Die Vier Evangelieë* en *die Psalme* word gepubliseer. Dit word gesien as slegs 'n oorsetting van die Nederlandse Statebybel. Daar word besluit om met 'n nuwe vertaling uit die brontekste te begin.



**1929**
Die *Vier Evangelies* en die *Psalms* verskyn.

Hierdie eerste poging om uit Hebreeus, Aramees en Grieks te vertaal, is suksesvol.



**1933**
Op 29 Mei 1933 land die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel aan wal. Die Bybels word op 1 Junie by die Bybelhuis in Kaapstad uitgepak. Op 27 Augustus word die Bybel amptelik deur Afrikaanse kerke in gebruik te neem.



**1941**
Die volledige Braillebybel in Afrikaans word gepubliseer.

**1953**
In 1953, verskyn die hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans. Die hersiening was hoofsaaklik taalkundig van aard.

**1968**
Op 5 Julie 1968 tydens 'n seminaar vir vertalers van die Afrikaanse Bybel word 'n eenparige besluit geneem om die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) te versoek om met 'n nuwe vertaling in Afrikaans te begin. Die Nasionale Raad van die BSA keur hierdie vertalingsversoek goed.

**1970**
Die eerste boeke van hierdie vertaling, insluitende Johannes word gepubliseer.

**1975**
*Die Blye Boodskap*, 'n nuwe vertaling van die vier Evangelies, Handelinge en Psalms sien die lig.

**1979**
Op 24 Augustus verskyn *Die Nuwe Testament en die Psalms*, 'n voorloper van die 1983-vertaling.



**1983**
Op 2 Desember word *Die Bybel: Nuwe vertaling* in Bybelhuis, Kaapstad bekendgestel.

**1997**
Die Kerk versoek 'n Bybelvertaling vir Dowes. Op 3 Februarie 2008 ontvang die Afrikaanse Dowe gemeenskap die vertaling – slegs die tweede Bybel van sy soort in die wêreld.

**2006**
Na jare van navorsing versoek die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik 'n Bybelvertaling wat meer bronteksgeoriënteerd is.

**2014**
Die Nuwe Testament en Psalms van *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* word by die Groote Kerk in Kaapstad bekendgestel.




**2020**
As deel van die Bybelgenootskap se tweede eeufeesvieringe in 2020 word *Die Bybel: 2020-vertaling* op 29 November by die Kopanong Ouditorium in Bloemfontein bekendgestel.

90 DIE BYBEL IN AFRIKAANS 1933 – 2023

# GK BELVILLE-OOS (HUISGELOOF)




Lidmate wat die sessies wil bywoon kan inskryf by gkexpando@gmail.com

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)




## Ek is 'n Dissipel!!!

**Elkeen wat die Here lief het, het die opdrag om 'n dissipel te wees.**

**(Matt 28:19)**

**…maak die mense my dissipels**



## Dissipelskap is- om die liefde van Christus te deel.

**My vriend, is gebroke, verpletter!!!**

**Wat sê ek vir hom?**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Ps 51: 13**
**Here moet tog nie U Heilig Gees**
**van my vriend wegneem nie.**

**Laat hy weer blydskap ervaar**
**Soos iemand wat deur U verlos is.**

**Daar is net *EEN Redder***
***Jesus Christus.***



**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens |
| **Webwerf** www.gereformeerd.co.za | |
| **Bankbesonderhede** Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*14Vol van die krag van die Gees, het Jesus na Galilea teruggegaan, en die nuus oor Hom het deur die hele omgewing versprei. 15Hy het die mense in hulle •sinagoges geleer, en almal het met lof van Hom gepraat.*

*Lukas 4: 14 & 15*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**